# GAP Nuus ~ Desember 2025

Persoonlike nuusbrief van Pierre en Sugnét.

Vriende ons groet julle in die wonderlike naam van Jesus Christus ons Saligmaker en Vriend.

Dit is weer daardie tyd van die jaar waar almal planne maak hoe om geld onnodig uit te gee met besighede wat hulle bes probeer om dit so maklik as moontlik te maak. Dit is ook die tyd van die jaar waar families planne maak hoe om so veel as moontlik gewig op te tel in so kort tyd as moontlik. En dit alles om ons te herinner aan die geboorte van Jesus Christus wat in vergelyking, nie die luukshede gehad het wat toepaslik was vir 'n koning wanneer hy gebore word nie, of wat ons vandag het nie. In teendeel dit was vuil en stowwerig en sy ouers het onder moeilike omstandighede toegesien dat hulle kosbare skat so veilig en gemaklik as moontlik sou wees. Hulle het ook nog baie gehad om te verduidelik aan vriende en familie en moes hulle aandag vermy sover moontlik. Al berusting wat hulle gehad het was die besoeke van die Engel wat hulle verseker het dat alles lank terug al fyn uitgewerk is en hulle net moet kophou. Alles sal later sin maak. Met min slaap agter hulle het hulle die pad terug aangepak Jerusalem toe vir die papierwerk om die baba se naam in die argiewe te verewig. In die proses het Herodus te hore gekom via die wyse manne van die geboorte van iemand besonders en het hy ook sy papierwerk in orde gekry. Hy het die slegte nuus deur sy koninkryk gestuur wat Joodse ouers van seuntjies koue rillings gegee het. Baie babatjies en jong seuntjies moes sterf in 'n poging om seker te maak dat daardie uitgesoekte een, nie bly leef nie. Met die tyding het Josef en Maria inderhaas opgepak en die lang en gevaarlike pad Egipte toe aangedurf. Van die reis en die verblyf van die gesin in 'n vreemde land weet ons min. Ons kan aanvaar dat omstandighede alles behalwe maklik was. Teen die agtergrond verdwyn die romantisisme van Kersfees vinnig en verswelg die realiteit daarvan die geraas van klokkies, liggies, kersvaders en kersbome. Maar ons is innig dankbaar dat ons Kersgeskenk elke jaar 'n persoonlike verhouding met Hom is wat nie 'n verval datum het nie, nie stof vergader nie, en nie jou gewig beïnvloed nie, maar 'n mens se hart vol maak, en ons gees verkwik soos niks anders wat in papiere toegedraai kan word nie. Ons begeerte is dat dit die Kerstyd vir elkeen van julle 'n tyd sal wees waar daar vergifnis uitgedeel word aan almal wat jou te na gekom het deur die jaar, daar hoop uitgedeel word aan almal wat hoop opgegee het, en deernis aan almal rondom jou wat se kragte ingegee het. Veral as ons met familie en vriende rondom 'n tafel sit en kuier na 'n moeilike jaar! Ons wens almal van julle 'n besonderse geseënde Kersfees toe.

Familie Nuus

Die jaar was 'n tuimeltrein uit die boonste rakke en moes ons fyn beplan om al die besoeke oor naweke en vakansies ingepas te kry tussen Pieter en Megan daar in

Somerset-Wes, Eldi in Kimberley en Pierre se ma in George. Ek het nooit geweet daar is sulke vervelige programme op RSG nie! Veral op Sondae. Liewe aarde almal slaap mos nie op 'n Sondag nie! Ons het maar geleer hoe werk Spotify. So ontmoet ons vir Joah, kry Pierre se ma gevestig in die verswakte afdeling in Groenkloof, vier haar 90-ste verjaarsdag en help Eldi om weer op die been te kom na Johan hulle huwelik skielik beëindig het. Baie hartseer! Ons is dankbaar dat ons dit alles ingepas kon kry, ook in elke maand se begroting. Dit was een groot wonderwerk! Ons sien uit dat ons as familie hier op Uitenhage kan saamkuier met besoeke so tussen-in aan Pierre se ma in George. Sy bly vir die familie en almal rondom haar 'n groot inspirasie op 90 jaar. Ons as familie het baie om in te haal en sien ons uit na 'n tydjie saam. Eldi pak die pad vanaf Kimberley Uitenhage alleen aan die week so ons sal julle voorbidding waardeer, asook vir almal wat op reis is iewers heen. Na baie gesprekke en bid werk het Sugnét besluit om nog volgende jaar by Huppelkind aan te bly. Die skool staan ook voor belangrike besluite wat hulle volgende jaar moet neem en sal haar betrokkenheid nog volgende jaar ook rigting gee aan die besluite. En natuurlik is baie van die kinders en die ouers ook bly daaroor!

Bedienings Nuus

Hier teen die einde van elke jaar dan blaai ek terug in my dagboek so van agter af vorentoe. Daar is min dinge nie daarin opgeteken nie so dit help my om telling te hou, die goue draad raak te sien, die klemverskuiwings te identifiseer, die hoogtepunte te vier en die laagte punte te oordink. Die jaar was 'n goeie kombinasie van hierdie bestanddele. Na meer as 'n jaar se aanloop het ons in Maart die Stadswye Dialoog mee gemaak wat gefasiliteer is deur die Sentrum van Publieke Getuienis daar in Bellville. Anders as die stadswye netwerk van geestelike leiers was daar hierdie keer ook wye verteenwoordiging vanuit die besigheidsektor en verteenwoordigers van die burgerlike samelewing of te wel "civil society". Dit was presies wat dit bedoel het om te wees, 'n dialoog en 'n poging om te besin oor oplossings vir ons gemeenskappe wat se some losgekom het. Werkgroepe het gevolg na aanleiding van probleem-areas wat geïdentifiseer is. Hier na die einde van die jaar het die inisiatief van sy stoom verloor, maar het ons darem weer gesien hoe die netwerk van Kerkleiers hulle eie stadswye dialoog weer woema gegee het. Oor die jare het ek geleer dat die waarde van die inisiatiewe nie gesetel is in die strategie nie, maar in die verhoudings en vriendskappe wat ontwikkel en die wedersydse ondersteuning wat daaruit voortvloei. Dit is hier waar die Heilige Gees harte saamsnoer en waar die getuienisse en lekker stories gebore word. As die strategie slaag is dit net 'n bonus. Die lekker is dat as dit sleg gaan daar altyd iemand iewers in die stad is wat jy kan bel en wat kan raad gee en kan saam bid. Ek kan met vrymoedigheid sê dat samewerking tussen kerkleiers en tussen kerkleiers en burgerlike instellings, en besigheid of te wel die markplein, op 'n gesonde plek in die Metro is. So, skep moed. Die Here is besig om die tafel te dek vir iets groter wat Hy wil doen.

Ander hoogtepunte die jaar was MES wat hulle voete gevind het in Uitenhage en veral die amptelike afskop en uitreik op Mandela Dag. Hulle kantoor is aan die werk en die werkspanne is opgelei en ontplooi. Ook in die geval was die samewerking tussen al die rolspelers baie goed. Iemand het ook 'n perseel aan MES geskenk waar 'n oornag skuiling gevestig kan word. Ons vertrou dat dit binnekort 'n werklikheid gaan wees. Hier teen die einde van die jaar het "Touching Hearts" uit die bloute ons genader om te help om 'n leiers-seminaar te reël. 30 Leiers van Uitenhage en Despatch het 'n dag opsy gesit om te hoor wat die Here doen as leiers hande vat en spasie gee vir die Heilige Gees om te werk. Ons "Call-to-Prayer" een keer 'n maand op 'n Vrydag-middag verras ons elke keer met wie opdaag en wat die Heilige Gees onder die kollig plaas. Dit het 'n geleentheid geword waar ons hoor wat die Here op 'n wye front doen, waar ons dit kan vier, en waar ons geleenthede en uitdagings in die gemeenskap aan Sy voete kan lê.

Die bestuursraad vir die ontwikkeling van die "Gumdale Campsite en Conference Centre" het na baie papierwerk sy beslag gekry en is 'n konsultant aangestel om te help met die hersonering-aansoek vir die Departement van Landbou. "Young Life USA" besoek Gumdale vroeg volgende jaar om die moontlikheid van samewerking te ondersoek. Elandsrivier het 'n baie droë winter en sover somer gehad en is vir hierdie tyd van die jaar besonders stowwerig en vaal. So ook groot dele van die Karoo, Oos- en Suid Kaap. Bid saam vir die grootste Kersgeskenk vir enige boer, reën!  Ons boektafel het ons Vrydag die laaste keer vir die jaar daar in Markstraat opgeslaan. Soos gewoonlik was daar weer 'n stormloop en het die boeke en selfs baie ou en verweerde Bybels soos mis voor die son verdwyn. Ons het die keer 'n skenking gehad van nuwe Afrikaanse Bybels wat tot 'n paar onderonsies gely het! Dankie aan almal wat hierdie jaar hulle boekrakke leeggemaak het. Iemand lees daardie boeke en Bybels! "Fathers Matter" van Heartlines en die "Bible School on Wheels" van "Teach Every Nation" het die jaar ongelukkig net stof vergader. Tussendeur Huppelkind se verantwoordelikhede kry Sugnét dit reg om al haar preek geleenthede ingewerk te kry. Ek bewonder haar dat sy dit ingepas kry en dit met soveel oorgawe voorberei en gedoen kry. Well done!

In die begin van elke jaar sit ons tyd opsy om by die Here rigting te kry vir die jaar. Ons doen dit weer volgende jaar. Met Tobie wat oor bietjie meer as 'n jaar aftree moet ons self besin oor ons eie langtermyn betrokkenheid in die gemeente en die gemeenskap en hoe lank ons seisoen hier nog gaan wees, en of die Here ons in 'n ander rigting wil stuur? So ons nooi julle uit om saam met ons te bid vir duidelikheid. Dit is nogal 'n gewigtige saak. Baie dankie aan elkeen wat die afgelope jaar 'n pad saam met ons gestap het en ons op 'n verskeidenheid van maniere ondersteun het. Ons waardeer elkeen van julle. Geniet die Kersseisoen saam met vriende en familie, wees veilig en wees geseën. Ons gesels weer verder volgende jaar!

Pierre en Sugnét
Pierre ~ Sel 0833703592
Sugnét Sel ~ 0834014517
www.goandproclaim.co.za